(i) A certificate, signed by the superintendent of the institution, of having completed one-quarter of the required training.

(ii) A certificate, similarly signed, of having attended at least 25 lectures and 25 demonstrations of a complete course of lectures and demonstrations in anatomy, physiology, first aid, hygiene and elementary psychology.

(4) *Final Examination.*

Requirements for Entry of Candidates.

(a) A candidate shall not be allowed to enter for the final examination before the completion of the period of training required by these rules, provided that, under special circumstances, a candidate may be permitted to enter if the period of training will be completed within three months of the commencement of the examination, in which case, if the candidate is successful, the certificate of competence shall be withheld until the candidate shall have completed the period of training.

(b) A candidate for the final examination shall submit—

(i) a certificate, signed by the superintendent of the institution, of having undergone the course of training in a recognized training school for a period laid down by these rules;

(ii) a certificate, similarly signed, of having attended during the period of training at the aforesaid institution a complete course of lectures and practical demonstrations as laid down by these rules;

(iii) a certificate, similarly signed, of good character;

(iv) a certificate, similarly signed, of good health;

(v) a certificate of having passed the preliminary examination.

(5) *Questions.*

In the written portions of the preliminary and final examinations not less than five questions shall be set and the candidates shall be allowed three hours to answer them.

(6) *Marks.*

A candidate must obtain at least 50 per cent. of the marks awarded in the written examination, 40 per cent. in the oral examination, 40 per cent. in the practical examination and 50 per cent. of the aggregate marks in the three divisions, to pass. Fifty per cent. of the aggregate marks will be awarded for the written examination, 25 per cent. for the oral examination, and 25 per cent. for the practical examination.

In the final examination, successful candidates will be placed in "Honours" and "Pass" divisions. To attain "Honours" a candidate must obtain at least 75 per cent. of the aggregate marks awarded in each branch of the examination.

If, at the final examination, more than one section of the special part is taken, the highest marks obtained in any section will be added to the marks obtained for the written part of the examination, and the candidate placed accordingly. The marks obtained in any other section will then be separately added to the marks for the written part of the examination and the candidate again placed for this section. A candidate may thus be placed in the "Honours" division in one or more sections, and "Pass" or "Fail" in any other. Candidates who, having previously passed the final examination, subsequently enter for examination in one or more sections of the special part, shall not be placed in the "Honours" division.

Candidates will not be placed in order of merit. Information in regard to marks or places will only be given by the special authority of the Council.

(7) *Re-admission to Examination.*

A candidate who has failed to pass an examination after twice entering therefor may be required to undergo such training as the Council may decide upon before being re-admitted to the examination.

(8) *Dates and Entries.*

The examinations shall be held twice a year in the months of April and October, provided there are candidates; and no person whose application is not lodged with the Registrar of the Council on or before the 1st March and 1st September, respectively, can be accepted for the next ensuing examination, except by the special permission of the Council.

(9) *Centres.*

The examinations shall be held at such places as the Council may appoint.

(10) *Examiners.*

The Council shall from time to time appoint such examiners as may be required. The examiners shall conform to such rules as the Council may from time to time resolve upon for the conduct of the examinations, and shall receive remuneration at such rates as may be fixed by the Council. They need not be members of the Council.

Of the examiners appointed for the preliminary and final written examinations, one shall be the commissioner for mental hygiene and one a physician superintendent of an institution for feeble-minded, or both examiners shall be physician superintendents of institutions for feeble-minded.

The practical and oral examinations shall be conducted by the superintendent of the institution, who shall have as co-adjutors—

- (a) for the preliminary examination, either a physician superintendent or assistant physician of an institution for feeble-minded;
- (b) for the final examination, a specialist in psychological medicine and/or a psychologist with special experience in mental deficiency.

They shall be assisted, in the special parts of the final examination, by assessors with special technical qualifications, as follows:—

- (a) Section A: by a certified teacher with experience of mental deficiency work.
- (b) Section B: by a member of the staff of an institution for feeble-minded, who has had practical experience of the teaching of the subjects covered by the section.
- (c) Section C: by a registered medical and surgical nurse, if possible, on the staff of an institution for feeble-minded.

(11) *Fees for Examination.*

The following fees shall be payable to the Council by candidates for examination:—

- (a) On application for admission to the preliminary examination, a fee of 10s. 6d. In the case of failure to pass, candidates may present themselves for re-examination on payment of a similar fee for each occasion;
- (b) on application for admission to the final examination, a fee of £3. 3s., which shall include registration as a nurse of mental defectives, if and when the candidate passes the examination. In the case of failure to pass, candidates may, subject to rule 7, present themselves for re-examination, on payment of a fee of £2. 2s., for each occasion.

SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE RAAD: REELS
IN VERBAND MET DIE OPLEIDING EN EKSAMENS
VAN VERPLEEGSTERS VAN SWAKSINNIGES.

Die volgende reëls gemaak deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Raad, ingevolge artikel vier-en-negentig (2) (j) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, No. 13 van 1928, is goedgekeur deur die Minister van Volksgesondheid.

REELS [INGEVOLGE ARTIEKEL VIER-EN-NEGENTIG
(2) (j) VAN WET No. 13 VAN 1928] VIR DIE OPLEIDING
EN EKSAMENS VAN VERPLEEGSTERS
VAN SWAKSINNIGES.

1. LEERLINGVERPLEEGSTERS.

Niemand sal vir opleiding in 'n opleidingskool deur die Raad erken toegelaat word sonder indiening van—

- (a) (i) 'n sertifikaat dat sy Standaard VII van 'n laerskool bevredigend voltooi het; of
- (ii) 'n sertifikaat van 'n hoër standaard;
(Indien sy geeneen van bogenoemde sertifikate kan vertoon nie, sal van 'n aspirant applikant verlang word om 'n eksamen af te lê in algemene kennis, afgeneem deur die hospitaalautoriteite en gelykstaande met dit voorgeskryf vir Standaard VII van 'n laerskool.)
- (b) 'n bewys dat sy die ouderdom van minstens agtien jaar bereik het;
- (c) 'n sertifikaat van goeie gesondheid en geskiktheid vir die werk van verpleegster;
- (d) 'n sertifikaat van goeie gedrag deur twee verantwoordelike persone geteken, tot bevrediging van die betrokke opleidingskool.

2. OPLEIDINGSKOLE.

(1) *Erkenning.*

Die Raad kan as opleidingskool erken enige inrigting vir die versorging en behandeling van swaksinniges, wat, volgens die mening van die Raad, met inagneming van die aantal en klas van pasiënte onder behandeling, sowel as personeel, uitrusting en fasiliteite vir onderrig aldaar beskikbaar, bevoeg is om kandidate vir sy sertifikaat van bekwaamheid in die verpleging van swaksinniges op te lei.

(2) *Voorwaardes vir Erkenning.*

- (i) Geen aansoek vir erkenning van 'n inrigting as opleidingskool sal oorweeg word nie, tensy—
 - (a) die matrone, susters en enigeen, behalwe 'n geneesheer, sielkundige, gesertifiseerde onderwyser of gekwalifiseerde beroepsinstrukteur, wat leerlingverpleegsters onderrig, as verpleegsters geregistreer is;
 - (b) die inrigting voorsiening maak vir die versorging en behandeling van kinders en volwassenes van die verskillende soorte van swaksinnigheid.
- (ii) Die Raad het te allen tyde die reg om opleidingskole te inspekteer.
- (iii) Die Raad het die reg om van 'n opleidingskool sodanige besonderhede te verlang as hy gepas mag ag, en om die

aandag van 'n opleidingskool te vestig op enige saak waarin aan sy vereistes blykbaar nie genoegsaam voldoen word nie en om in enige geval wat onbevredigend bly, erkenning terug te hou, te skors of terug te trek.

(iv) Die Raad is nie verplig om aan enige inrigting erkenning as opleidingskool te verleen nie.

3. LESINGS EN DEMONSTRASIES.

(1) Op alle skole deur die Raad erken, moet deur die geneeskundige en sielkundige personeel lesings gegee word, en demonstrasies deur gekwalifiseerde en bevoegde beamptes wat die superintendent van die inrigting aangestel het.

(2) Daar moet minstens 100 lesings en 100 demonstrasies wees en hulle moet oor die hele opleidingskursus uitstrek. Minstens 25 elk van sodanige lesings en demonstrasies moet bygewoon gewees het voordat kandidate tot die voorlopige eksamen toegelaat word, en die res voordat hul tot die eindeksamen toegelaat word.

4. OPLEIDING.

(1) *Tydperk.*

Die opleidingstydperk vir kandidate vir die sertifikaat van bekwaamheid in die verpleging van swaksinniges is 9,040 werkure.

(2) *Onderbreking van Opleiding.*

Die opleiding moet aaneenlopend wees behalwe tydens vakansies van hoogstens een maand, of as gevolg van siekte of om ander redes wat die Raad as bevredigend mag beskou.

Die duur van 'n onderbreking in die opleiding van 'n leerlingverpleegster, behalwe die jaarlikse vakansie van een maand, moet ingehaal word, en bowendien, as die tydperk, behalwe siekteverlof, meer as drie maande is, moet die opleiding van die leerlingverpleegster verleng word met 'n tydperk gelykstaande met die helfte van die tydperk van onderbreking; geen voorafgaande opleiding sal erken word as die onderbreking in 'n leerlingverpleegster se opleiding meer as twee jaar is nie.

In die geval van siekteverlof van hoogstens ses maande, gestaaf deur 'n doktersertifikaat, word geen verlore tyd ingehaal nie, dog die hele opleiding van 9,040 werkure moet nagekom word.

Siekteverlof moet in alle gevalle deur 'n doktersertifikaat gestaaf word.

(3) *Vrystelling van Opleiding.*

'n Leerlingverpleegster wat as genees- en heekkundige of as 'n kinderverpleegster geregistreer is, sal van 50 persent van die opleiding in hierdie reëls vereis, vrygestel word, en sal net vereis word om te slaag in die eindeksamen in verpleging van swaksinniges. 'n Verpleegster wat die sertifikaat van verpleegster van sielsiekes besit, is geregtig om aan die eindeksamen in die verpleging van swaksinniges deel te neem, mits sy 'n volle jaar se opleiding en bywoning van lesings aan 'n goedgekeurde inrigting vir die versorging en behandeling van swaksinniges deurgemaak het.

(4) *Oorplasing van Leerlingverpleegsters.*

In die geval waar 'n leerlingverpleegster deur 'n bevoegde owerheid van een opleidingskool vir verpleegsters van swaksinniges na 'n ander in diens van dieselfde owerheid oorplaas word, sal die opleiding as onafgebroke beskou word.

5. EKSAMENS.

Daar is twee afsonderlike eksamens—

- (1) 'n voorlopige eksamen in anatomie, fisiologie, eerste-hulp, higiëne en elementêre sielkunde; en
- (2) die eindeksamen.

(1) *Voorlopige Eksamen.*

Die voorlopige eksamen bestaan uit skriftelike, mondelinge en praktiese gedeeltes, en behels ook die navolgende onderwerpe:—

Afdeling I.—Algemene Pligte van Verpleegsters in 'n Inrigting vir Swaksinniges.

Geaardheid van swaksinnigheid: Doel van behandeling; redes vir besondere versorging.

Verhouding tussen verpleegsters en pasiënte.

Verantwoordelikheid van verpleegsters: Diskresie; verdraagsaamheid; selfbeheersing; vertroulike aard van die werk; briewe van pasiënte; praatjies; houding teenoor familieleden en besoekers.

Algemene pligte van 'n verpleegster: Sindelikheid; orde; presiesheid; disipline; oplettendheid op besonderhede; observasie; wat om te rapporteer.

Besondere pligte: Roetiene voorsorge; brand; selfverwonding; selfmoord; geweldpleging teenoor andere; vernieling; slegte gewoontes.

Wette en reëls vir die beskerming van die pasiënte: Geslagsverhoudings; ontsnapping; afsondering; bedwang; dwangmaatreëls; mishandeling; verwaarlosing; bedwelmende drankie; bedwelmende middels.

Afdeling II.—Elementêre Anatomie en Fisiologie.

Beskrywing.—'n Elementêre kennis van die bou, ligging en funksies van die verskillende dele van die menslike liggaam, met inbegrip van:—

Algemeen.

Selle, weefsels, organe; hul bou en indeling.

Die liggaam as 'n geheel. Vernaamste holtes en inhoud.

Die Geraamte.

Skedel: Name, ligging en kort beskrywing van die beendere van skedel en gesig. Skedelbeendere—voorhoof-, wand-, slaap-, agterhoof-, wig- en sifbeendere. Beendere van gesig—bokaak, jukbeendere, onderkaak, vorm van oogkas, neus, mond.

Ruggraat en borskas: Algemene geaardheid van werwelbeendere, soorte—nekwerwels, rugwerwels, lendewerwels, heiligbeen, stuitbeendere; die werkwelkolom as 'n geheel, sy buigings tussenwerwelskywe en gewrigte; borsbeen, ribbe, rib-kraakbene.

Boonste ledemaat: Sleutelbeen; skouerblad; boonste armbeen; ellepyp en speekbeen; beendere van pols en hand; gewrigte.

Onderste ledemaat: Die bekken; dybeen; knieskyf; skeenbeen; kuitbeen; beendere van enkel en voet; gewrigte.

Spiere.

Hul algemene kenmerke; willekeurige en onwillekeurige; verskille in hul manier van werking. Ligging van die vernaamste spiere van die liggaam.

Gewrigte.

Verskillende soorte van gewrigte en hul werking; beendere, kraakbeendere, bindweefsels, synoviale vlies.

Bloedsomloop.

Die hart: Ligging, grootte en funksies; boesems, kamers; kleppe; hartsak; groot vate.

Bloedvate.

Slagare; are; haarvate; strukturele verskille; name en liggings van die vernaamste slagare en are.

Bloedsirkulasie.

Groot en klein bloedsomloop en die poortaderstelsel; vernaamste drukkunte.

Bloedvoedende Stelsel.

Die bloed in slagare en are. Bloedstolling; bloedvormende kliere en dele; milt; lymfekliere; beenmurg; buislose kliere; inwendige afskeidings.

Voedingstelsel.

Mond, tande, keelholte, slukderm, maag, ingewande (groot en klein), lewer, alvleisklier, borsbuis; soorte van voedsel; spysverteringsprosesse, absorpsie en assimilasië; die fekalië.

Asemhalingstelsel.

Neusholte; strothoof; lugpyp; longpype; longe; borsvlies; middelrif; werking van die asemhalingsproses; die vernaamste spiere betrokke by die asemhaling.

Ontlastingstelsel.

Ontlastingsorgane—ingewande; niere; huid; longe; uitwerpsels.

Die niere: Bou en funksie; ureters; blaas; uriene; die huid; opperhuid en huid; sweetkliere; hare en naels; funksies.

Senugestel.

Murgvlies en cerebro-spinale vloeistof; die brein, klein-brein-brug; medulla; ruggraat; die sensus; die sensus; motoriese, sensoriese en simpatiese; refleksbeweging; kontrole-hoogtes; besondere gevoelsorgane.

*Voortplantingstelsels.**Afdeling III.—Ongelukke en Noodgevälle.*

Bloeiing uit slagare, are en haarvate; maniere van stuiting; vingerdruk; aarpers of ander middels.

Noodbehandeling van wonde: aseptiese en antiseptiese.

Breuke, ontwrigtings, verstuiings: Hul tekens, kentekens, soorte en behandeling.

Noodbehandeling van skok, kollaps en bewusteloosheid: Beseering van die brein; kollaps veroorsaak deur drank; val-lende siekte; floute; histerie; sonsteek.

Eerstehulp in gevälle van bevriesing; verbrandings en ver-skroeiings; wonde; byte van diere; steke van insekte.

Noodgevälle: Wat om te doen in gevälle van brand, op-hanging, verstikking, verwurging, verdrinking, vergiftiging, keelsny.

Kunsmatige asemhaling: Maniere van.

Die mees algemene vergifte en hul teengifte.

Vreemde voorwerpe in die lugkanaal, oog, oor, neus.

Geïmproviseerde maniere hoe om beseerdes op te tel en te dra.

Vorbereiding vir die opname van ongevalle; bedopmaak; ont-kleding.

Verbinding: Aanwending van die driehoeksverband en spalke; aanwending van rolverbande.

Afdeling IV.—Higiëne.

Algemene Gesondheidstoestande: Normale temperatuur en gewig van liggaam; verlies en herstel.

Lug: Sy samestelling en onsuiverhede. Die beginsels van ventilasië en hul toepassing in huise en hospitale; uitstraling en verdamping.

Water: Bronne; standaard van suiwerheid vir huishoude-lyke gebruik; verhouding van onsuivere water tot die ver-spreiding van siekte.

Beskikking oor Vuilnis: Verskillende metodes in gebruik; droë verwydering en met water; algemene inrigting van huis en hospitaal dreinerings.

Persoonlike Higiëne: Gewoontes; oefening; rus en ont-spanning; sindelikeit; klere; verstelling en skoonmaak; besondere soorte; bedde en beddegoed.

Maniere van Ontsmetting: Die aard van besmetting; bronne en maniere van oorbrengring; insekte en ander para-siete. Besmetting en ontsmetting.

Verwarming en verligting: Van huise en hospitale; higiëne vir die siekekamer.

Afdeling V.—Elementêre Sielkunde.

Die verstand gedurende gesondheid.

Ontwikkeling van die verstand.

Gevoel; gewaarwording; begrippe en assosiasie van begrippe.

Aandag; geheue; redenering; oordeel.

Instinkte en begeertes; aandoenings en affek.

Wilskrag; werking, willekeurige en onwillekeurige; gewoonte, gedrag.

Die bewuste en onderbewuste; slaap en drome.

(2) Eindeksamen:

Die eindeksamen is skriftelik, mondeling en prakties en omvat 'n algemene en 'n spesiale gedeelte. Vrae in die laaste vraestel word tot onderwerpe in die algemene gedeelte van die leerplan beperk. Kandidate word ook geëksamineer in een of meer afdelings van die spesiale gedeelte van die leerplan, en hul moet bewys lewer dat hulle in die genome afdeling, spesiale opleiding geniet, en vir minstens ses maande werklik praktiese werk in die afdeling verrig het.

Verpleegsters wat die eindeksamen afgelê het kan daarna vir enige afdeling van die spesiale gedeelte wat nog nie geneem is nie, inskrywe as hulle die bewys lewer dat hulle vir minstens ses maande, spesiale opleiding geniet, en werklik praktiese werk in enige afdeling waarvoor hulle inskrywe verrig het.

Die eindeksamen omvat die onderwerpe van die voorlopige eksamen, asook die volgende:—

EINDEKSAMEN.—ALGEMENE GEDEELTE.

Afdeling VI.—Elementêre Kliniese Verpleging.

Natte inwikkeling. Bedopmaak.

Versorging van die rug. Bedsere. Waterbedde en -kussings.

Toediening van medisyne:

Observasie van Gevalle: Rapporte oor kentekens; punte waarop gelet moet word; voortekens van ongesteldheid; pols; asemhaling; temperatuur; toestand van ontlastings; aantekeninge en kaarte.

Ontlastings: Die hou van monsters.

Asepsia en Antisepsis. Eenvoudige verbindings en toedienings.

Afdeling VII.—Gewone Tekens en Kentekens van Siekte.

Algemeen: Huid: spiere; beendere; gewrigte; bloedsomloop; asemhalingstelsel; voedingstelsel; urinêre- en voortplantingstelsels.

Gewone parasiete.

Afdeling VIII.—Swaksinnigheid.

Definisie van Swaksinnigheid by Kinders en Volwassene.

Die verstandelike, liggaamlike en sosiale basis van die definisie.

Fiesiese Eienaardighede en Kentekens: Anatomiese: Dié waarby die hele liggaam betrokke is: Dié waarby besondere dele betrokke is—hoof (skedel), ore, oë, neus, mond, lyf en ledemate.

Fisiologies: Krampe; ritmiese bewegings; trekkings; stuiptrekkings; gewone spraakgebreke.

Sielkundige eienaardighede: Vernaamlik ten opsigte van verskillende soorte van karakter, instink, emosie, neiging, ens. Nagtelike verskrikings.

Klieniese Soorte van Swaksinnige Persone:

(a) Dié wat nie deur duidelik merkbare eienaardighede te onderskei is nie.

(b) Die met duidelike kenmerke; kinderagtigheid; mongolisme; verkleinde skedel; vergrote skedel; kretien; verlamde.

Vallende Siekte: Beskrywing van aanvalle—met krampe en bewusteloosheid, met bewusteloosheid alleen. Besondere kentekens wat die aanval voorafgaan; beheer; behandeling tydens 'n aanval; besondere kentekens en toestande wat gedurende die dag en nag mag voorkom. Voorsorgsmaatreels betreffende klere en gedurende maaltye; dieëet; ens.

Die Wet ten opsigte van Aanhouding en Beheer; serti-fiering.

Indeling van Swaksinniges ingevolge die Wet as idiote, imbesiele, swakhoofdiges en sedelike imbesiele.

Verstorings van die verstand ten opsigte van agterlikheid; gebrek aan sedelikeheidsgevoel; onstandvastigheid; gebrek aan ewewig; eksentrisiteit; misdadigheid; eensydigheid; ondeug; gewone tekens en kentekens wat geestesstorings doen vermoed.

Afdeling IX.—Beheer en Opleiding van Swaksinniges in 'n Inrigting of Kolonie.

Observasie van gevalle: Algemene reaksies; gedrag; vooruitgang; belangrikheid van 'n bestudering van die individu wanneer hy werk of hom vermaak; nut en belangrikheid van aantekenings en rapporte.

'n Verpleegstersdag van toesig oor kinders van lae graad; volwasse mans en vrouens van lae graad; kinders van middelmatige graad; volwasse mans en vrouens van middelmatige graad; 'n beskrywing van die beste maniere hoe om in elke geval die geluk en liggaamlike welsyn van die inwonendes sonder uitoefening van straf of sweem van betoeling, te bewerk. Hoe om norsheid, slegte humeur en veinsery te behandel. Hoe om tussen luiheid en verstandelike onmag of tussen liggaamlike gebrekkigheid en senuagtigheid te onderskei.

Die rol wat afwisseling in die lewe van 'n swaksinnige speel, sowel in beroepe, vermaaklikhede, en afwisseling na 'n kamp of die kus, of oorplasing na 'n verskillende klas.

Besondere dinge waarvoor die verpleegster op haar hoede moet wees—en die regte manier van versorging vir Mongole, lers aan vallende siekte, verlamdes, dié wat gevoed moet word, senulyers, kretiene; laegraad-swaksinniges, lastige hoëgraad manlike swaksinniges, hoëgraad vroulike swaksinniges; swaksinniges wat aan liggaamlike siektes ly.

Besondere dinge waarvoor die nag-verpleegster op haar hoede moet wees. Die belangrikheid van die verpleegster se persoonlikheid en gedrag—goeie humeur, geduld, respek vir die pasiënt uithoudingsvermoë, fermheid, lofspraak, vermyding van ontmoediging, gevolge van wedywer, aansporings tot werk, voorbeeld.

Opleiding in die huis of in die afdeling: Disipliene; dreigeme; teregwyding; seksuele afwykings; inskerping van eie hulp by aan- en ontkleding; aansporing tot waarheid, goeie geaardheid en konsiderasie vir andere. Algemene strekking en maniere van ontspanning: oefening, dans, sang, onderrig hoe om te speel.

Besondere hande-arbeid vir laegraad-kindere: Huishoudelike pligte in verband met die skool en inrigting vir die laer grade.

Belonings; ontsegging van voorregte.

Liggaamsoefeninge volgens die Raad van Onderwys se „Leerplan vir Liggaamsoefeninge op Skole.” Sweedse en ander metodes. Gimnastiek.

Vermaaklikhede:

Buitenshuis: Georganiseerde spele en sports; wandelinge; winkelbesoek; padvinders en padvindsters; kampe; pieknieks.

Binnenshuis: Georganiseerde spele en onthale; danse; handwerkies.

Vakansies: Voor- en nadele; voorbereiding; aanmaning van vriende tot behoedsaamheid; voorsorgsmaatreëls vir die terugkeer.

Besondere opleiding vir die gereedmaak van 'n pasiënt vir behandeling in 'n koshuis.

Parool-behandeling en ontslag.

Afdeling X.—Beheer en Opleiding van Swaksinniges nie in 'n Inrigting nie.

In die Huis: Welke raad om aan vriende te gee in die geval van kinders en volwassenes. Eenvoudige werkies in die huis. Moontlikhede van werk buitekant. Gevare vir swaksinniges.

Gevalle onder Voogdyskap; onder Toesig.

Afwesigheid met verlof; Parool.

Na-behandeling.

Afdeling XI.—Elementêre Opvoedkundige Sielkunde.

Onaangeleerde gedra: Instink; instink en refleks; indeling van instinkte; ontwikkelingstudie van instinkte; bedwang en beheer van instinkte; instinkte en gewoontevorming.

Toepassing op die swaksinnige.

Emosies: Teorieë van; uiterlike uitings van; inwendige veranderings gedurende; maniere van bestudering en onderrig.

Toepassing op die swaksinnige.

Die Aanleringsproses: Die wette van onderrig; teorie en toepassing by verskillende soorte van onderrig; verwisseling van die opleiding in ekonomiese beginsels van onderrig; verskillende dinge wat deur die verskillende klasse van swaksinniges aangeleer moet word.

Sielkunde van Individuele Verskille: Veranderlikheid; mate; gearardheid en oorsake van individuele verskille; individuele verskille in die bevatlikheid van die swaksinniges.

Toepassing van die veranderlikheidsbegrip by die opleiding van die swaksinnige.

Verstandelike en Sosiale Maatstawe: Teorie en algemene eksamenmetodes. Intelligensietoetse; die beginsels en gebruik van die Binet-Simon toetse; mentale ouderdom; Intelligensie Kwosient; Groeptoetse en voorbeelde daarvan; uitvoeringstoetse en hul nut. Kwalitatiewe beskouings oor die resultate van verstandelike toetse. Toetse van besondere bevatlikheid en onvermoë. Toetse van verskillende verstandelike funksies. Temperament en karakter; hul observasie en bepaling. Vertolking van die resultate van verstandelike toetse. Die toepassing van toetsresultate by die opleiding en beheer van swaksinniges. Die betekenis van onderstaande statistiese uitdrukkings:—

Gemiddelde; middelbare; veranderlikheid; percentile; korrelasie; betroubaarheid.

EINDEKSAMEN.—SPESIALE GEDEELTE.

*Afdeling A.—Onderwys vir Swaksinnige Kinders.
Opvoedkundige Metodes en Beginsels.*

Opvoedkundige beginsels en metodes van Sequin; Froebel; Montessori; Dearsly; Macdowall; Wallin; ens.

Toepassing op swaksinnige kinders.

Groep en Individu-metodes; hoe om individuele onderrig te gee, b.v. die Projek-Metode; die Dalton-Plan.

Hoe om onderrig in die gewone vakke van die Leerplan te gee: taallees, skrywe, rekenkunde, tekene, sang, handwerk, ens. Liggaamsoefeninge, ritmiese en georganiseerde ontspanning, binnens- en buitenshuis. Mondeling-manuale metodes. Die voortbrenging en vertolking van spraak in laegraad-gevallen.

Die behandeling van gewone spraakgebreke.

Maniere van ontwikkeling van motoriese ko-ordinasie by die laer grade.

Belangrikheid en Beoefening van lesindeling.

Klaskamerbeheer: Die verskillende maniere hoe om leerlinge te klassifiseer; Disipliene. Die vraagstukke van belangstelling en inspanning in die opvoedkundige praktyk. Verskillende maniere van motivering. Belangrikheid en maniere van aanvanklike instelling van goeie gewoontes. Sosiale opvoeding in die klaskamer. Behandeling van kinders tydens puberteit en jongelingskap.

Belangrikheid van bestudering van die kind. Hoe om die vooruitgang in skoolwerk en gedrag te meet; daelike aantekeninge; skooleksamens; standaard-opvoedkundige toetse; maatstaf-skale; opmaak van rapporte.

Tekens van gevoelsgebreke, moegheid; bespeuring van besonderere bekwaamhede en onbekwaamhede.

Praktiese Werk:

Elke kandidaat moet, in hooftrekke, drie lesse van die onderstaande klasse voorberei, en bereid wees, om indien dit verlang word in een van hul les te gee:—

- (a) Liggaamlike bedrywigheid met 'n klas laegraads-leerlinge.
- (b) Les in handwerk met 'n klas middelgraads-leerlinge.
- (c) Skriftuur, 'n verhaal of tuinwerk met 'n klas hoërgraads-leerlinge.
- (d) Mondeling-manuale metodes.

Kandidate moet ook kan bewys dat hul in staat is om in minstens drie van die navolgende vakke les te gee: Teken, met inbegrip van kleurwerk; plastieke modelering; modelwerk in papier en karton; tuinmaak; houtwerk; rafiawerk; die maak van vloerklode; en speelgoed; leerwerk; naaldewerk; breiwerk; koskook of ander vorm van handwerk.

Afdeling B.—Die Opleiding van Swaksinnige Volwassenes Metodes en Beginsels van Beroepsopleiding.

Geskikte ambag vir verskillende soorte swaksinniges. Beginsels wat die plasing van pasiënte in 'n ambag bepaal. Liggaamlike en verstandelike vermoë en onvermoë ten opsigte van beroepsplasing.

Tegniek van beroepsontleding en sy toepassing by die onderlig, b.v. skoenmakery, boerdery, ens. Die ekonomiese manier van onderrig van swaksinniges hang van die beroepsindeling af.

Beginsels van Indeling van Arbeid: Verhouding tot indeling van pasiënte in die werkwinkel. Werk vir verskillende grade van swaksinniges in een ambag. Die toepassing hiervan in die inrigtingslokaal of huisie.

Voorafgaande Beroepsopleiding: Teorie van en verhouding tot beroepsopleiding. Belangrikheid en metodes van bestudering van pasiënte gedurende die tydperk van voorafgaande beroepsopleiding.

Metodes van Opleiding van Swaksinniges in Besondere Ambagte: Metode bepaal deur klas van pasiënt sowel as soort van werk; voorbeelde van geslaagde metodes by swaksinniges gebruik in hooftrekke. Die projek-metode en sy gebruik by voorberoepsopleiding. Toepassing van die wette van kennis, belangstelling, poging en motivering; belangrikheid van ooreenstemming tussen onderrig en klas van pasiënt.

Beheer oor Werkwinkel- of Beroepsgroep: Disipliene; inskerping van gewenste en doeltreffende roetiene vir werkwinkelpraktyk en goeie maatskaplike gewoontes. Werkure, vermoënis, eentonigheid en ruspouse. Nywerheidsrisikos en -siektes, verandering van werk, belonings, ens. Aanhou van register, oorlegging van aantekeninge, voorraad, ens.

Maniere van observasie, aantekeninge en rapporte oor vooruitgang en gedrag in verband met die ambag. Faktore betrokke by beslissing oor grade of maatstawe. Verskillende soorte maatstafskale en hul nut. Ontwerpe vir die indeling van werkstandaarde, daelike aantekeninge, ens. Belangrikheid van pasiënte aan die werk te bestudeer.

Praktiese Werk.

Elke kandidaat moet drie instruksievakke in hooftrekke klaarmaak en bereid wees om, indien vereis, een daarvan te demonstreer. Die klas van werk word as volg toegelig:—

- (a) Die indeling van 'n gemengde groep pasiënte vir 'n besondere werk deur verdeling van arbeid, b.v. werk in afdeling of tuin.
- (b) 'n Swaksinnige volwassene van lae graad in 'n besondere werk te onderrig.
- (c) 'n Swaksinnige volwassene van middelmatige graad in 'n besondere werk te onderrig.
- (d) 'n Swaksinnige volwassene van hoë graad in 'n besondere werk te onderrig.

Kandidate moet ook kan bewys dat hul oor die nodige kennis en bedreweheid beskik ten opsigte van die ambag waarin hul beweer onderrig te kan gee.

*Afdeling C.—Siekeverpleging.**(1) Teorie en Praktijk van Siekeverpleging.*

Versorging van die siekekamer; vereistes en skikkings; maniere van buitelig behandeling; verandas; tente; beskuttings; persoonlike aandag aan die sieke; opname en ondersoek; soorte voedsel; samestelling van 'n normale diëet, hoeveelheid en voedingswaardes; toediening van voedsel.

Toediening van Medisyne: Mondeling, in die endelderm, onderhuidse en ander metodes. Entstowwe.

Die Bed: Verwisseling van bedlakens; gebruik van trek-lakens; hospitaallinne; water-bedde; lug-bedde; warmwater-bottels.

Die reiniging en toilet van die sieke en sieklikes.

Bedere: Oorsake, verhoeding en behandeling.

Observasie van Gevalle: Rapporteer oor kentekens; punte waarop gelet moet word; voortekens van siekte; pols; asemhaling; temperatuur; toestand van ontlastings; aantekeninge en kaarte; urienetoets.

Asepsia en antiseptis.

Verbandmiddels en Toediening: Kompresse; pleisters; warm kompresse; prikkel-kompresse; verbinding; spalke; uitrekking; blare; lawemente; soutinsputtings; setpille; kateters; uitspoelings; bestomings; inasemings; besondere baaie; afsponsing; natte inwikkeling; bedleunings en stutte; massering; passiewe en herstellingsbewegings.

Voorbereiding vir Operasie: Versorging en sterilisasie van instrumente; verpleging na operasie.

Koskook vir die Siekekamer: Bereiding van voedsel vir die sieke.

(2) Liggaamlike Siektes en Kwale en Hoe om die te Verpleeg.

Kentekens en tekens van siekte.

Algemeen: Ontsteking; hoofpyn; koors; verstywing; verstoringe van die eetlus; gewigsverlies; bloedarmoede; pyn; slaaploosheid; skok; kollaps.

Van die Huid: Prikkeling; uitslag; verkleuring; verswering.

Van die Spiere: Uittering en swakte; sametrekkinge.

Van die Beendere en Gewrigte: Misvorming; opswelling; styfheid; onnatuurlike onbeweeglikheid.

Van die Bloedsomloop: Floute; hartkloppings; aanhegtheid; cyanosis; opswelling; atheroma; spatare; aambeie; bloedgeswel in die oor.

Van die Asemhalingstelsel: Hoes; spug; cyanosis; onderbroke asemhaling; gelokaliseerde pyn; koors.

Van die Spysverteringstelsel: Mond, tande en tong; slegte spysvertering; opgeblaasheid; vermeer; diaree; verstopping koliek; geelsug; obstruksie.

Van die Uriene- en Voortplantingstelsels: Verandering in die uriene; watersug; slaapsug; stuiptrekkings; waterbreuk; aarbreuk; maandstondveranderings; abnormale vloeiings.

Collection Number: AD1715

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974

PUBLISHER:

Collection Funder:- Atlantic Philanthropies Foundation

Publisher:- Historical Papers Research Archive

Location:- Johannesburg

©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.